



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**MUSIEK V2**

**NOVEMBER 2016**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 30**

**Hierdie memorandum bestaan uit 22 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:  
  
AFDELING A: Gehoor (10)  
AFDELING B: Herkenning (12)  
AFDELING C: Vorm (8)
2. VRAAG 1, VRAAG 2, VRAAG 3 en VRAAG 7 is verpligtend.
3. Beantwoord VRAAG 4 (Westerse Kunsmusiek (WKM)) ÓF VRAAG 5 (JAZZ) ÓF VRAAG 6 (Inheemse Afrika-musiek (IAM)).
4. Skryf AL jou antwoorde op hierdie vraestel. Gebruik 'n potlood vir musieknotasie en blou of swart inks vir die ander antwoorde.
5. Hierdie eksamen sal geskryf word terwyl die kandidate na 'n CD luister.
6. Die musikonderwyser van die sentrum moet die eksamen in die teenwoordigheid van die toesighouer afneem.
7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Die kandidaat MAG NIE hierdie bladsy verwyder NIE.
8. Kandidate mag vir die duur van die eksamen NIE toegang tot enige musiekinstrument hê NIE.
9. Kandidate moet let op die puntetoekenning by elke vraag om genoeg inligting in hulle antwoorde te verskaf.
10. Skryf netjies en leesbaar.

**INSTRUKSIES AAN DIE PERSOON WAT MET DIE KLANKAPPARAAT WERK**

1. Die instruksies vir die musiekonderwyser verskyn in raampies.
2. Elke musiekuittreksel (snit) moet die getal kere wat in die vraestel gespesifiseer is, gespeel word.
3. Laat genoeg tyd tussen snitte toe sodat kandidate tyd het om te dink en hul antwoorde neer te skryf voordat die volgende snit gespeel word.
4. Die nommer van die snit moet elke keer duidelik aangekondig word voordat dit gespeel word.
5. Indien 'n skool meer as een stroom (Westerse Kunsmusiek (WKM), jazz, Inheemse Afrika-musiek (IAM)) aanbied, moet die volgende riglyne gevolg word:
  - Elke stroom moet die eksamen in 'n aparte lokaal skryf.
  - Elke lokaal moet met geskikte klanktoerusting toegerus wees.
  - Elke lokaal moet sy eie CD met musiekuittreksels ontvang.
  - 'n Toesighouer moet in elke lokaal teenwoordig wees.
6. Die snitte moet soos volg gespeel word:
  - WKM-kandidate: Snit 1–21 en Snit 37–40
  - JAZZ-kandidate: Snit 1–12, Snit 22–28 en Snit 37–40
  - IAM-kandidate: Snit 1–12 en Snit 29–40
7. 'n CD-speler wat met batterye werk, moet in geval van 'n kragonderbreking beskikbaar wees.

**OPSOMMING VAN PUNTE**

<b>AFDELING A: GEHOOR</b>	<b>TOTAAL</b>
VRAAG 1 (VERPLIGTEND)	4
VRAAG 2 (VERPLIGTEND)	6
<b>SUBTOTAAL</b>	<b>10</b>
<b>AFDELING B: HERKENNING</b>	<b>TOTAAL</b>
VRAAG 3 (VERPLIGTEND)	4
VRAAG 4 (WKM) <b>OF</b>	8
VRAAG 5 (JAZZ) <b>OF</b>	8
VRAAG 6 (IAM)	8
<b>SUBTOTAAL</b>	<b>12</b>
<b>AFDELING C: VORM</b>	<b>TOTAAL</b>
VRAAG 7 (VERPLIGTEND)	8
<b>SUBTOTAAL</b>	<b>8</b>
<b>GROOTTOTAAL</b>	<b>30</b>

*Nota aan nasiener: Kandidate moet punte kry vir enige korrekte antwoorde wat nie in die memorandum gegee word nie.*

## AFDELING A: GEHOOR

### VRAAG 1

Speel Snit 1 TWEE keer na mekaar.

- 1.1 Luister na die melodiese en ritmiese frase. Noteer die ritme van die weggelate note in maat 3–4 hieronder.



Speel Snit 1 weer TWEE keer. Wag 30 sekondes voor die herhaling.

**Antwoord:**



$\frac{1}{2}$  punt per noot soos aangedui = 3 punte

(3)

Speel Snit 2 DRIE keer na mekaar.

- 1.2 Watter EEN van die uittreksels hieronder stem ooreen met die melodie wat jy hoor? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Die uittreksel begin met 'n twee-maat-snit met klikgeluide.

	<input type="checkbox"/>
	<input checked="" type="checkbox"/>
	<input type="checkbox"/>

Korrekte antwoord = 1 punt

(1)  
[4]

**VRAAG 2**

Speel Snit 3 EEN keer vir 'n algemene oorsig.

Luister na die uittreksel uit *My Favourite Things*. Beantwoord die vrae wat volg.

**My Favourite Things (uittreksel)**

R Rogers

1 *Moderato*

Speel Snit 4 TWEE keer na mekaar.

2.1 Identifiseer die verskil(le) in artikulasie tussen maat 1–8 en maat 9–16.

**Antwoord:**

- Maat 1–8 tweeklank-fraseringsboog (maatslag 1 en 2)
- Maat 9–16 legato (aanmekaar gebinde note)


Een punt vir verskil tussen frases = 1 punt

(1)

Speel Snit 5 VIER keer.

- 2.2 Die notasie van maat 9 en 10 is op die partituur by 2.2 weggelaat. Voltooi die ontbrekende toonhoogtes wat met die melodie wat jy hoor, ooreenstem. (Die snit begin in maat 5.)

**Antwoord:**



*1/2 punt vir elke korrekte toonhoogte x 6 = 3 punte*


(3)

**Speel Snit 6 TWEE keer.**

- 2.3 Watter interval word gevorm tussen die twee note in die blokkie by 2.3? (Die snit begin in maat 13.)

**Antwoord:**

Verminderde 5<sup>de</sup>



*Verminderde 5<sup>de</sup> )of Vergrote 4<sup>de</sup> of Tritonus) = 1 punt  
Slegs 4<sup>de</sup> of 5<sup>de</sup> = geen punt  
Slegs notasie = geen punt*

(1)

- 2.4 Noem die kadens waarmee die uittreksel eindig.

**Antwoord:**

Onvolmaakte/Onvoltooide kadens

*1 punt*

(1)

**[6]**

**Speel Snit 7 vir 'n finale oorsig.**

**TOTAAL AFDELING A: 10**

**AFDELING B: HERKENNING VAN MUSIEKKONSEPTE****VRAAG 3: ALGEMENE BELUISTERING (VERPLIGTEND)**

- 3.1 Jy sal TWEE verskillende uitvoerings van dieselfde stuk hoor: Snit 8 en Snit 9. Luister na hierdie uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 8 en Snit 9 TWEE keer na mekaar.

Vergelyk hierdie twee uittreksels ten opsigte van die volgende:

**Antwoord:**

ELEMENT	VERGELYKING	
	Snit 8	Snit 9
Gebruik van ritme	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ritme word gelykmatig/streng (soos die notasie vereis) gespeel</li> <li>• Korter nootwaardes word gebruik</li> <li>• Klassiek</li> </ul> <p style="text-align: right;">½</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ritme is gesinkopeerd of 'swing' word gebruik of 'n jazz-agtige benadering tot ritme</li> <li>• Langer nootwaardes word gebruik</li> <li>• Jazz</li> </ul> <p style="text-align: right;">½</p>
Tempo	Vinniger <p style="text-align: right;">½</p>	Matig <p style="text-align: right;">½</p>
Instrumentasie	Hoofsaaklik strykers (met houtblasers/ klarinette/fluite en driehoek) of Orkestraal <p style="text-align: right;">½</p>	Big Band (Koperblasers en Saksofone) Tromstel/Simbale <p style="text-align: right;">½</p>

*Korrekte antwoord: een per element = 3 punte  
As daar geen vergelyking is nie, word slegs ½ punt toegeken.*

(3)

Speel Snit 10 en Snit 11 elk EEN keer.

- 3.2 Dui slegs EEN kenmerk aan wat jy in ELK van hierdie snitte hoor. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

**Antwoord:**

KENMERK	Snit 10	Snit 11
Solo-improvisasie		
'Walking bass'		X
Monofonies		
Giocoso	X	
Drieslagmaat		

*2 korrekte antwoorde = 2 punte*

(2)



Speel Snit 12 TWEE keer.

3.3 Noem enige DRIE kenmerke wat aandui dat hierdie stuk tipiese Afrika-musiek is.

**Antwoord:**

- Vraag en antwoord
- Poliritmes
- Herhaling
- Afrika-tromspel
- Pentatoniese toonleer word gebruik
- Sinkopasie
- Sikliese struktuur
- Afrikataal gebruik

*Enige 3 korrekte antwoorde = 3 punte*

(8 ÷ 2) (3)  
**[4]**

**Beantwoord VRAAG 4 (WKM) ÓF VRAAG 5 (JAZZ) ÓF VRAAG 6 (IAM).****VRAAG 4: WKM**

4.1 Luister na die uittreksels uit *Die Towerfluit* deur Mozart en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 13 TWEE keer.

4.1.1 Met watter subgenre in operamusiek assosieer jy hierdie uittreksel?

**Antwoord:**

Aria

1 punt

(1)

4.1.2 Noem die karakter wat in hierdie uittreksel sing.

**Antwoord:**

Papageno

1 punt

(1)

4.1.3 Waar in die opera word hierdie uittreksel gesing?

**Antwoord:**

- Eerste bedryf
- Aan die begin van die opera net na die karakter vir die eerste keer verskyn

*Enige korrekte antwoord = 1 punt*

(1)

4.1.4 Noem die idiofoon wat jy in hierdie uittreksel hoor.

**Antwoord:**

- Celesta
- Glockenspiel
- Glasharmonium
- Klokkie
- Draaiorreltjie

*Enige korrekte antwoord = 1 punt*

(1)

Speel Snit 14 EEN keer.

4.1.5 Watter Italiaanse term beskryf die tempoveranderinge aan die einde van hierdie uittreksel die beste?

**Antwoord:**

- Ritardando/Rit.
- Rallentando/Rall.
- Ritenuto/Rit.

*Enige korrekte antwoord = 1 punt*

(1)

**Speel Snit 15 TWEE keer.**

- 4.1.6 Die tydmaatteken verander in hierdie uittreksel. Identifiseer die nuwe (tweede) tydmaatteken. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

**Antwoord:**

6

8

**1 punt**

(1)

**Speel Snit 16 EEN keer.**

- 4.1.7 Luister na 'n gedeelte uit die ouverture van *Die Towerfluit*. Hoe slaag hierdie uittreksel daarin om die stemming van die opera te skep?

**Antwoord:**

- 3 akkoorde – skakel met 3 kloppe, 3 deure, 3 pilare  
– Simboliese nommer (Vrymesselaars invloed)
- Stadig, statig, groot akkoorde  
– skakel met formele ernstige sterflike kwessies (lig en donker, goed en kwaad)
- Polifoniese seksie  
– skakel met die kompleksiteit van die opera
- Staccato's, sinkopasie, vinnige tempo  
– skakel met *Koningin van die Nag*-aria  
– ligter momente en spelerige natuur van sommige karakters

*Enige 2 korrekte feite = 2 punte  
Musikale inhoud moet pas by die stemming  
Slegs ½ punt vir beskrywing van stemming*

(2)

**Speel Snit 17 EEN keer.**

- 4.1.8 Beskryf die tekstuur van hierdie uittreksel.

**Antwoord:**

- Begin homofonies/Akkoordagtig en gevolg deur 'n polifoniese/kontrapuntale tekstuur
- Eerste seksie homofonies/Tweede seksie polifonies

**Enige korrekte antwoord = 1 punt**

(1)

4.2 Luister na die uittreksels hieronder uit Beethoven se *Simfonie Nr. 6* en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 18 EEN keer.

4.2.1 Wat is die funksie van hierdie uittreksel in Beethoven se *Simfonie Nr. 6*?

**Antwoord:**

- Die skakelpassasie tussen die vierde (Die Storm) en die vyfde (Herderslied) bewegings
- Ononderbroke vloei van musikale idees wat skakel vorm van een programmatiese toneel na die volgende

*Enige korrekte feit = 1 punt*

(1)

Speel Snit 19 TWEE keer.

4.2.2 Luister na die instrumente met die hoër toonhoogtes in hierdie uittreksel. Kies die korrekte beskrywing hieronder wat met die musiek ooreenstem. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

**Antwoord:**

'n Legato-melodie, gevolg deur 'n non legato-passasie op die soloklarinet	
'n Legato-melodie, gevolg deur 'n legato-passasie op die solofluit	
'n Legato-melodie, gevolg deur 'n non legato-passasie op die solofluit	X
'n Legato-melodie, gevolg deur 'n legato-passasie op die soloklarinet	

*1 punt*

(1)

Speel Snit 20 TWEE keer.

4.2.3 Watter TWEE van die volgende Italiaanse terme is van toepassing op die musiek wat jy hoor? Maak 'n kruisie (X) in TWEE toepaslike blokkies.

**Antwoord:**

Crescendo	X
Decrescendo	
Pesante	
Grazioso	X
Scherzando	

*2 korrekte antwoorde = 2 punte*

(2)

- 4.3 Luister na die volgende uittreksel deur Mendelssohn. Beantwoord die vraag wat volg.

**Speel Snit 21 TWEE keer.**

Dui DRIE items in die lys hieronder aan wat KORREK is met betrekking tot die musiek wat jy hoor. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

**Antwoord:**

Omgekeerde pedaalpunt	<b>X</b>
Melodie in fluitparty	
Ostinato	
Mineurtonaliteit	<b>X</b>
Allegro	<b>X</b>
Adagio	

**3 korrekte antwoorde = 3 punte**

(16 ÷ 2) (3)  
**[8]**

**TOTAAL AFDELING B: 12**

**OF**

**VRAAG 5: JAZZ**

5.1 Luister na die uittreksels hieronder deur The Brotherhood of Breath en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 22 EEN keer.

5.1.1 Identifiseer die jazz-kategorie. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

**Antwoord:**

Jazz in ballingskap ('Jazz in exile')

1 punt

(1)

Speel Snit 23 EEN keer.

5.1.2 Beskryf die stemming van hierdie uittreksel deur na die tonaliteit te verwys.

**Antwoord:**

- Majeurtoonsoort
- Upbeat/jolige stemming

Majeur = ½ punt; upbeat/jolig = ½ punt

(1)

5.1.3 Noem EEN membranofoon wat jy in die inleiding hoor.

**Antwoord:**

- Konga-tromme of Djembe
- Enige tromme, gedeelte van die tromstel wat 'n membranofoon is

Enige korrekte antwoord = 1 punt

(1)

Speel Snit 24 TWEE keer.

5.1.4 Tussen watter instrumente/instrumentale seksies kom die vraag en antwoord in hierdie uittreksel voor?

**Antwoord:**

Tussen koperblaas/horingseksie en klavier

1 punt

(1)

5.1.5 Beskryf TWEE kenmerke van hierdie klavierspelstyl.

**Antwoord:**

- Baie herhaalde note wat tipies is van Suid-Afrikaanse musiek
- Perkussiewe toonkwaliteit
- Akkoordagtige comping
- Gefragmenteerde melodiese lyn

Enige 2 korrekte antwoorde = 2 punte

(2)

5.1.6 Noem 'n ander orkes wat met hierdie jazz-styl verbind word.

**Antwoord:**

- Die Blue Notes
- Die Jazz Epistles
- Union of (South) Africa

*Enige van die bogenoemde orkeste of enige ander orkes = 1 punt*

(1)

5.2 Luister na *Spirits Rejoice* en beantwoord die vrae wat volg.

**Speel Snit 25 TWEE keer.**

5.2.1 Identifiseer die jazz-styl.

**Antwoord:**

- Jazz at home/Suid-Afrikaanse Jazz
- Jazz Fusion
- Afro Jazz
- Jazz Funk

*Enige korrekte antwoord = 1 punt*

(1)

5.2.2 Gee redes, wat met die musiek verband hou, om jou antwoord op VRAAG 5.2.1 te motiveer.

**Antwoord:**

- Meng funk met ritme en blueselemente
- Houtblaas/Koperblaasseksie speel verwerkte lyne (Big Band)
- Pop/rock invloed in tromstel en perkussie
- Prominente elektriese baslyn

*Enige 2 korrekte antwoorde = 2 punte*

(2)

5.2.3 Noem EEN ander kunstenaar/orkes wat jy met hierdie musiekstyl assosieer.

**Antwoord:**

- Sakhile
- Siphiso Gumede
- Bheki Mseleku
- Union of (South) Africa
- Blood, Sweat & Tears (Internasionaal)
- Zim Nqawana

*Enige van die bogenoemde kunstenaars/orkeste of enige ander geskikte kunstenaar/orkes = 1 punt*

(1)

Speel Snit 26 EEN keer.

5.2.4 Watter solo-instrument hoor jy in hierdie uittreksel?

**Antwoord:**

Trompet/Kornet

1 punt

(1)

5.3 Jy sal TWEE musiekuittreksels hoor: Snit 27 en Snit 28. Luister na hierdie uittreksels en beantwoord die vraag hieronder.

Speel Snit 27 en Snit 28 elk EEN keer.

Identifiseer die musiekstyl van ELKE uittreksel en gee EEN rede vir ELKE antwoord.

**Antwoord:**

Snit	Styl	Rede
27	Mbaqanga	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Klein ensemblegroep</li> <li>• Gebruik van herhaalde melodiese kitaarriffs</li> <li>• Samevloeiing van die twee kitaarlyne</li> <li>• Kitare en stemme wissel af of oorvleuel</li> </ul>
28	Marabi	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Duidelike Amerikaanse jazz-invloed</li> <li>• Big Band-styl en -verwerking</li> <li>• Belangrikheid van klavier (en ragtime-gevoel)</li> </ul>

*1 punt vir elke korrekte styl = 2 punte*

*1 punt vir elke korrekte rede = 2 punte*

(2 x 2)

(16 ÷ 2)

(4)

**[8]**

**TOTAAL AFDELING B: 12**

**OF**



**VRAAG 6: IAM**

6.1 Jy sal TWEE snitte hoor: Snit 29 en Snit 30. Luister na hierdie snitte en beantwoord die vraag hieronder.

Speel Snit 29 en Snit 30 elk EEN keer.

Identifiseer die musiekstyl van ELKE uittreksel en gee EEN rede vir ELKE antwoord.

**Antwoord:**

Snit	Styl	Rede
29	Maskandi	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Konsertina-inleiding (Isihlabo)</li> <li>• Perkussiewe pluk van snare</li> <li>• Kitaarsnare het 'n harde klankkwaliteit met 'n akoestiese staalsnaar klank</li> <li>• Izibongo (prysgedig/'praise poem') is 'n belangrike eienskap en word teen 'n vinnige tempo opgesê</li> </ul>
30	Mbaqanga	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kitaar-inleiding</li> <li>• Ligte pluk van snare</li> <li>• Kitaarsnare het 'n sagte klankkwaliteit op 'n elektriese kitaar</li> <li>• Deurlopende sang met teks sonder Izibongo (prysgedig/'praise poem')</li> </ul>

1 punt vir elke korrekte styl = 2 punte  
1 punt vir elke korrekte rede = 2 punte

(2 x 2) (4)

6.2 Jy sal TWEE snitte hoor: Snit 31 en Snit 32. Luister na hierdie snitte en beantwoord die vraag wat volg.

Speel Snit 31 en Snit 32 elk EEN keer.

6.2.1 Met watter van die volgende beskrywings assosieer jy die instrumentale ensembles wat jy hoor? Maak TWEE kruisies (X) in die toepaslike blokkies vir ELKE snit.

**Antwoord:**

BESKRYWING	Snit 31	Snit 32
Maskandi-orke		
Marimba-orke	X	
Skielike dinamiekveranderinge	X	
Trom-ensemble		X
Aërofone		
A cappella-groep		
Membranofone		X

4 korrekte antwoorde = 4 punte

(4)

Speel Snit 33 en Snit 34 elk EEN keer.

6.2.2 Dui die ooreenkomste tussen die twee uittreksels aan. Verwys na die ritme en tempo.

**Antwoord:**

- Herhaling van ritmiese patrone
- Poliritmes
- Sinkopasie
- Dieselfde matige tempo

*Enige 2 korrekte antwoorde = 2 punte*

(2)

Speel Snit 35 EEN keer.

6.2.3 Identifiseer die vokale tegnieke wat jy in hierdie uittreksel hoor.

**Antwoord:**

- Krepitasie
- Ululasie
- Vokale glissando

*1 punt elk = 2 punte*

(2)

6.3 Luister na die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 36 TWEE keer.

6.3.1 Identifiseer die Suid-Afrikaanse musiekstyl.

**Antwoord:**

Malombo

*1 punt*

(1)

6.3.2 Gee TWEE redes, wat met die musiek verband hou, om jou antwoord op VRAAG 6.3.1 te motiveer.

**Antwoord:**

- Vermenging van musikale tradisies van die Bapedi en VhaVenda met jazz
- Tipiese instrumente (fluit, Afrika-tromme, elektriese kitaar)
- Afrika-ritmes voorsien deur perkussie-instrumente
- Blues-invloed in melodiese lyn van die fluite
- Jazz-gebaseerde kitaarspel
- Losserige geïmproviseerde melodiese en ritmiese frases

*Enige 2 korrekte antwoorde = 2 punte*

(2)

6.3.3 Met watter groep/kunstenaar assosieer jy hierdie musiekstyl?

**Antwoord:**

- Phillip Tabane
- Phillip Tabane en Malombo
- Malombo Jazz Men
- Malombo Jazz Makers
- Julian Bahula
- Abby Cindi

*Enige korrekte antwoord = 1 punt*

(1)

(16 ÷ 2) **[8]**

**TOTAAL AFDELING B: 12**

**AFDELING C: VORM****VRAAG 7**

Lees en bestudeer die vrae vir DRIE minute.

Speel Snit 37 EEN keer om 'n oorsig te gee.

Luister na *Pink Lady* terwyl jy die partituur volg.

**A** Pink Lady

P Wedgwood

7

13

21 poco rit. **B** a tempo

29 poco rit. a tempo

37 *poco rit. a tempo*

45 *rit. A a tempo*

51

57 **KODA**

64 **(Alternatieve KODA)**

69 **(Kadensuitbreiding)**

7.3

Speel Snit 37 weer EEN keer.

7.1 Wat is die vorm van hierdie werk?

**Antwoord:**

- Drieledige vorm (met koda)
- ABA (met koda)

*Enige korrekte antwoord = 1 punt*

(1)

7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.1 deur 'n skematiese uitleg van die vorm van hierdie werk te gee. Gebruik die tabel hieronder.

**Antwoord:**

SEKSIE	MAATNOMMERS
A ½	0 <sup>2b</sup> – 22 <sup>2</sup> ½ (1–22)
B ½	22 <sup>3</sup> /23 <sup>1</sup> – 48 <sup>2a</sup> ½ (23–48)
A ½ (Coda ½)	48 <sup>2b</sup> – 62 <sup>2</sup> ½ (48–62) (62 <sup>3</sup> – 74 <sup>2a</sup> ½ (63–74))
A ½ (1 mark if no coda)	48 <sup>2b</sup> – 74 <sup>2a</sup> ½ (48–74) (1 punt indien geen koda)

*Nota aan die nasiener: die koda kan ook in maat 67 begin.  
Die kadensuitbreiding in maat 71 kan ook as die begin van 'n kort koda beskou word.*

*½ punt vir elke korrekte seksie = 2 punte  
½ punt vir elke korrekte stel maatnommers = 2 punte*

(4)

Speel Snit 38 TWEE keer.

7.3 Volg die musiekpartituur vanaf maat 62<sup>3</sup> tot die einde. Noem die kadens in maat 70–71.

**Antwoord:**

Volmaakte/Voltooide kadens

*1 punt*

(1)

Speel Snit 39 TWEE keer.

7.4 Volg die musiekpartituur vanaf maat 0<sup>2</sup> tot maat 14<sup>2</sup>. Noteer TWEE prominente ritmiese motiewe wat in hierdie uittreksel voorkom.

**Antwoord:**



*Enige 2 motiewe = 2 punte  
½ punt vir verduideliking van ritme en geen notasie*

(2)

Speel Snit 40 vir 'n finale oorsig.

[8]

**TOTAAL AFDELING C: 8**  
**GROOTTOTAAL: 30**